BLOEMFONTEIN BAPTISTE

Saam groei ons tree vir tree

KNEL GEDAGTES

Deel 3 – Benadering tot Werk

AFSKOP

Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel?

VRAE VIR BESPREKING:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

Waar sal jy graag vakansie wil hou? Wildtuin of see? Wat is jou gunsteling vakansie bestemming?

Hoekom dink jy is werk so 'n groot bron van stres vir baie mense? Hoekom gee dit jou stres?

Dink jy 'n mens kan jou Christenskap en jou werkslewe van mekaar skei? Hoekom dink jy doen so baie mense juis dit?

Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:

Prediker 4:4. Hoe het jy al beleef dat hierdie 'n motief is hoekom so baie mense so baie werk?
2 Korintiërs 13:5. Hoe kan jy jouself ondersoek of jy jou geloof behou in jou werkslewe?

Prediker 5:14. Hoekom dink jy is dit belangrik dat ons onsself herinner dat ons niks goed kan saamvat die ewigheid in nie?

2 Timoteus 1:9 en Efesiërs 2:10. Watter effek dink jy kan dit hê as meer Christene hulle roeping van die Here ook by hulle werksplekke uitleef? Hoekom dink jy sukkel ons daarmee?

Genesis 2:2 en Eksodus 34:21. Wat dink jy het God bedoel met hierdie opdragte? Hoe dink jy lyk dit prakties in jou lewe as jy gehoorsaam is aan hierdie opdragte?

Kolossense 3:23. Hoe kan jy hierdie ingesteldheid ontwikkel as jy aan jou werk en week se take dink?

In die preek is 7 beginsels genoem om die stres in ons werk te verminder: ***1) Ondersoek jou motiewe; 2) Leer om nee te sê; 3) Maak tyd vir die goeie; 4) Sien jou werk as missie; 5) Beperk jou werk; 6) Aanvaar God se versorging; en 7) Nader tot God vir hulp.*** **Watter een van hierdie beginsels het vir jou uitgestaan? Hoekom juis daardie beginsels? Op watter manier kan jy meer van hierdie beginsels toepas in jou lewe?**

Lees Kolossense 3:1-2. Hoe kan jy jou gedagtes daagliks rig op God en wie Hy in jou lewe is en wil wees? Watter gewoonte of dissipline kan jy ontwikkel om hierdie gesindheid daagliks in jou werk te ontwikkel?

Gebed en Omgee

Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.

Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:

Neem 'n Volgende Stap

Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.

As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.